BURGER (Oos Kaap)
29 Jun 2010
Page : 2 #

SA regskenner kry doodstraf-pos in VN

Pretoria. – Prof. Christof Heyns, dekaan van die Universiteit van Pretoria se regsfakulteit, is pas in 'n internasionale pos aangestel waarmee hy sal help om gevalle te monitor waar mense sonder behoorlike regsprosesse tereggestel word.

Die Verenigde Nasies (VN) se raad vir menseregte het Heyns, 'n kenner in die veld van menseregte, aangestel as spesiale rapporteur oor buitegeregtelike, arbitrêre en summiere teregstellings.

Deel van sy pligte sal wees om lande te besoek waar mense sonder behoorlike regsprosesse of verhore tereggestel word of op die punt is om tereggestel te word sodat die VN kan ingryp, het prof. Frans Viljoen van die universiteit se sentrum vir menseregte gesê.

Heyns word beskou as een van die voorste menseregtekenners wat al wyd gepubliseer het oor internasionale menseregtekwessies, veral in Afrika.

As rapporteur sal hy verslae aan die VN-raad voorlê en betrokke wees by die samestelling van dokumentasie vir dringende appèlle teen sulke vonnisse. Dit is 'n deeltydse pos met geen vergoeding nie.

– Antoinette Pienaar